

Koersstygings uitgestel, maar vir hoe lank?

Plaaslike ekonomiese nuus: Junie 2011

Deur Tendani Mantshimuli, verbruikersekonomoom, Liberty

Hoewel daar verlede maand besluit is om rentekoerse bestendig te hou, was daar tog duidelike waarskuwings dat die Reserwebank nie sou huiwer om rentekoerse te verhoog indien nodig nie. Volgehoue swak ekonomiese groei bly egter steeds 'n bron van kommer en kan moontlik die besluit om rentekoerse te verhoog, temper.

Op 12 Mei het die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) se monetêre beleidskomitee (MBK) besluit om nie rentekoerse te verhoog nie. Die komitee het die repo-koers op 5.5% en die prima oortrekkingskoers op 9.0% gehou.

Hier is van die belangrike ontwikkelinge wat die MBK in sy besluit genoteer het:

Inflasie sal deur die 6%-vlak breek

Die inflasie-vooruitsig het sedert die laaste MBK-vergadering aansienlik verswak, en die Bank voorspel dat inflasie later in die jaar deur die boonste 6%-band sal breek en dat dit vroeg in 2012 by 6.3% sal draai voordat dit weer terugkeer na die teikenvlakke.

Tweederonde-uitwerkings afgewag

Die vernaamste dryfkragte agter hoër inflasie was die hoër olie- en voedselpryse. Hierdie pryse sou egter nie baie deur hoër rentekoerse geraak word nie, dus was die MBK reg in sy besluit om die koerse onveranderd te laat. Hulle sal egter voortgaan om ontwikkelinge te monitor, omdat inflasie aan ander drukfaktore soos elektrisiteitspryse onderhewig is.

Besteding sal na verwagting daal

Gedurende 2010 was daar 'n verhoging in besteebare huishoudelike inkomste ondanks die aantal werkverliese in 2009 en 2010. Die rede is dat werkende verbruikers dit reggekry het om loonverhogings van heelwat meer as die boonste 6% van die inflasieteikene te kry. Aandele het ook goed vertoon, wat bygedra het tot besteebare inkomste en besteding.

In 2011 mag dit heel moontlik nie die geval wees nie. Hoewel die aandele-vertoning bestendig is, sal loonverhogings waarskynlik nie by dié van 2010 kan kers vashou nie, vanweë die huidige lae-inflasie omgewing. Voorts word verwag dat die aantal nuwe werksgeleenthede wat vanjaar geskep word, negeerbaar sal wees, wat beteken dat besteebare inkomste en besteding onder druk sal kom. Aangesien huishoudelike besteding meer as 60% van die BBP uitmaak, sal 'n daling in hierdie bestedingskategorie die BBP-groei beïnvloed.

Groei steeds traag

Ondanks 'n geringe afwaartse aanpassing aan die BBP-voorspelling vir 2011 na 3.6%, is die Suid-Afrikaanse ekonomie steeds op koers om in 2012 rondom 3.9% te groei. BBP-syfers van 4.8% vir die eerste

kwartaal van die jaar het vir die hupstoot gesorg. Hierdie groei is egter steeds laer as die land se potensiële opbrengsvlak.

Vervaardiging steeds broos

Aanwysers van vervaardigingsaktiwiteite het begin herstel. Die sterk ekonomiese groeisyfers vir die eerste kwartaal van 2011 was grootliks die gevolg van groei in die vervaardigingsektor. Die Aankoopbestuurdersindeks (PMI), wat 'n aanwyser is van toekomstige vertonings, is rondom die vlak van 50 indekspunte, wat op uitbreiding dui. Die groei in hierdie belangrike sektor is egter nog broos en die vertoning is steeds onder die langtermynpotensiaal. Die Kapasiteitsbenutting (hoeveel van die bestaande infrastruktuur gebruik word) is rondom 80%, wat laer is as die toppunt van 85.5% in 2007 toe die jaarlikse ekonomiese groei 5.6% was. Vervaardigde uitvoere bly steeds laag, wat die herstel in belangrike vervaardiging-subsektore negatief beïnvloed.

Kleinhandel weerspieel verbruikersdruk

Die maandelikse kleinhandelsyfers vir die openingsmaande van 2011 weerspieel die volgehoue druk op verbruikers. Kleinhandelsyfers vir Maart het met 5.1% gegroei vergeleke met dieselfde tydperk verlede jaar, wat goed is, maar dit is steeds heelwat laer as die koers van meer as 8% wat in November en Desember 2010 behaal is.

Werkloosheid bly 'n nasionale krisis

Die regering stel werkskepping as 'n nasionale prioriteit omdat dit dit lewensnoodsaaklik is vir die volgehoue styging in verbruikersbesteding en op die oomblik lyk die groeivoorsigte nie te rooskleurig nie. Statistiek SA se indiensnemingsdata vir 2011 se eerste kwartaal beklemtoon die belangrikheid van die werkskeppings-inisiatief: werkloosheid het sedert die vierde kwartaal van 2010, toe dit op omtrent 24.2% gestaan het, toegeneem tot 25% in die eerste kwartaal van 2011.

Dit is teleurstellend omdat dit daarop dui dat die ekonomie nie nuwe toetreders tot die formele arbeidsmark absorbeer nie. Verder is die werkloosheidsyfer vir die jeug meer as 40%, wat niks goeds voorspel vir maatskaplike stabiliteit nie en as 'n saak van dringendheid behandel moet word. Dit is 'n bouse kringloop, omdat werkskepping nie uit 'n maatskaplike hoek gedryf kan word nie, maar eerder afhanklik is van ekonomiese groei – dit terwyl die Suid-Afrikaanse ekonomie gekoppel is aan internasionale verwickelinge wat op die oomblik nie gunstig is nie.

Liberty Groep is 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 ("FATD") (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inkluis, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nóg 'n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nóg 'n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van 'n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.